basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## MUSIEK V1

## NOVEMBER 2017

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 30 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.

2. AFDELING A en B is VERPLIGTEND.

3. AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM), AFDELING D: JAZZ en AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM) is keusevrae. Beantwoord slegs EEN van hierdie afdelings (AFDELING C of D of E).

4. Skryf al die musieknotasie in AFDELING A met potlood en al die geskrewe teks met blou of swart ink op hierdie vraestel.

5. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C of D of E met blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag hierdie bladsy verwyder.

8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.

9. Kandidate moet let op die puntetoekenning van elke vraag om genoeg inligting in hulle antwoorde te verskaf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**NASIENROOSTER**

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| **A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)** | 1 | 20 | | |
| | 2 | 15 | | |
| | 3 | 10 | | |
| | 4 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **60** | | |

**EN**

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| **B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (VERPLIGTEND)** | 5 | 20 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **20** | | |

**EN**

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| **C: WKM** | 6 | 10 | | |
| | 7 | 5 | | |
| | 8 | 5 | | |
| | 9 | 5 | | |
| | 10 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **40** | | |

**OF**

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| **D: JAZZ** | 11 | 10 | | |
| | 12 | 5 | | |
| | 13 | 5 | | |
| | 14 | 5 | | |
| | 15 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **40** | | |

**OF**

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| **E: IAM** | 16 | 10 | | |
| | 17 | 5 | | |
| | 18 | 5 | | |
| | 19 | 5 | | |
| | 20 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **40** | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **GROOTTOTAAL** | **120** | | |

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND) (90 minute)**

**Beantwoord VRAAG 1**
**EN VRAAG 2.1 OF 2.2**
**EN VRAAG 3.1 OF 3.2**
**EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

Beantwoord die vrae in die spasies wat op hierdie vraestel verskaf is.

*Nota aan die nasiener: Woorde wat verkeerd gespel is, maar die betekenis is duidelik moet kandidate die geallokeerde punt(e) gegee word.*

**VRAAG 1 (25 minute)**

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



1.1 Is hierdie stuk in tweeslagmaat of vierslagmaat?

**Antwoord:**

*(Enkelvoudige) Tweeslagmaat = 1 punt* (1)

1.2 Benoem die intervalle by **1.2.1** en **1.2.2** volgens tipe en afstand.

**Antwoord:**
1.2.1 Saamgestelde Majeur $3^{de}$/Majeur $10^{de}$
1.2.2 Vergrote $5^{de}$

*1 punt elk*
*1.2.1 Majeur $3^{de}$ net = ½ punt*
*Geen punt waar net die afstand gegee word nie* (2)

1.3 Omkring die enharmoniese ekwivalent van $B^b$ op die partituur.

**Antwoord:**

*Maat 7 pols 2½ (of pols 4) = 1 punt* (1)

1.4 Benoem die drieklanke by **A** en **B** volgens tipe en posisie, bv. majeur, tweede omkering. (Oorweeg SLEGS die note in die blokkie.)

**Antwoord:**
**A**: Mineur - Eerste omkering
**B:** Verminderd – Grondposisie

| | | |
|---|---|---|
| *Tipe* | *= ½ punt* | |
| *Posisie* | *= ½ punt* | *(X 2) = 2* |
| ***Alternatiewe antwoorde:*** | | |
| ***A:*** | *$iii^6$(=1 punt) OF bm/D (= 1 punt)* | |
| | *iii (=½ punt)* | |
| ***B:*** | *G#dim OF $i^o{}_{\#}$ (= 1 punt)* | |

(2)

1.5 Transponeer die soloparty by **X** 'n majeur tweede hoër. Onthou om die nuwe toonsoortteken by te voeg.

**Antwoord:**




*Toonsoortteken = 1 punt*
*Notasie = 1 punt*
*(Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 1 punt)*
*Afwesigheid van tydmaatteken word nie gepenaliseer nie* (2)

1.6 Herskryf die vokale party by **Y** TWEE oktawe laer vir die tjello. Gebruik die korrekte sleutel en toonsoortteken.

**Antwoord:**



**OR**



*Korrekte sleutel = ½ punt*
*Korrekte toonsoortteken = ½ punt*
*Notasie = 2 punte (½ punt per maat*
*(Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte)*

(3)

1.7 Wat is die betekenis van die Italiaanse term *andante*?

**Antwoord:**
Op 'n looppas/op 'n loopgang

*Korrekte beskrywing = 1 punt*

(1)

1.8 Voltooi die chromatiese toonleer hieronder. Gebruik toepaslike ritmiese materiaal.

**Moontlike antwoorde:**





*Notasie = ½ punt per toonhoogte = 2 punte*
*Geen punte vir verkeerde ritme.*
*Enige korrekte moontlike chromatiese kombinasie/notasie en ritmiese materiaal is aanvaarbaar.*

(2)

1.9 Skryf die melodiese vorm van die $B^b$-mineurtoonleer opgaande. Gebruik die altsleutel, 'n toonsoortteken, heelnote. Dui die halftone aan.

**Antwoord:**



| |
|---|
| *Altsleutel = 1 punt*<br>*Toonsoortteken = 1 punt*<br>*Notasie, toevallige tekens, halftone: minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 1 punt = 1 punt*<br>*Sonder toonsoortteken = slegs 2 punte* |

(3)

1.10 Die uittreksel hieronder het veranderinge in die tydmaatteken. Vul die korrekte tydmaattekens in waar daar 'n asterisk (*) is.

**Antwoord:**



**OF**



| |
|---|
| *Enige korrekte tydmaatteken = 1 punt elk X 3 = 3 punte* |

(3)
**[20]**

**VRAAG 2** **(25 minute)**

**Beantwoord VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.**

2.1 en 2.2 Voltooi die aanvangsmotief hieronder om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te skep. Noem die instrument waarvoor jy skryf. Dui die tempo aan en voeg dinamiek- en artikulasietekens by.


**Konsepantwoorde:**

2.1 Instrument: Kitaar/Saksofoon/Klarinet/Trompet/Viool/Fluit




**OF**

2.2 Instrument: Kitaar/Saksofoon/Klarinet/Trompet/Viool/Fluit



Die melodie sal aan die hand van die onderstaande kriteria nagesien word:

<table>
<tr><th>BESKRYWING</th><th colspan="3">PUNTE TOEKENNING</th></tr>
<tr><td>Vorm en kadenspunte</td><td colspan="2">1 punt per frase x 3</td><td>3</td></tr>
<tr><td>Korrektheid<br>Nootstele, polse per maat, toevallige tekens, spasiëring</td><td colspan="2">Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte</td><td>2</td></tr>
<tr><td rowspan="4">Kwaliteit<br>- Kwaliteit van melodie en toepaslikheid vir die gekose instrument<br>- Toepaslikheid van tempo, artikulasie en dinamiese aanduidings verhoog die kwaliteit van die antwoord<br>- Musikaliteit</td><td>9–10</td><td>Uitstekend<br>Samehangend en musikaal; frases definieer vorm verbeeldingryk; aanvangsmotief innoverend voortgesit; suksesvolle gebruik van tonaliteit; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot die keuse van toonhoogtes en ritme</td><td rowspan="4">10</td></tr>
<tr><td>7–8</td><td>Goed<br>Korrek en musikaal; frases dui die vorm duidelik aan; aanvangsmotief sinvol voortgesit; stabiele tonaliteit; melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogtes en ritme akkuraat</td></tr>
<tr><td>4–6</td><td>Gemiddeld<br>Musikaal nie oortuigend; nie alle frases duidelik; aanvangsmotief nie goed gebruik; tonaliteit onstabiel; melodiese kontoer onder verdenking; keuse van toonhoogtes en ritme verbeeldingloos</td></tr>
<tr><td>0–3</td><td>Onaanvaarbaar<br>Geen musikale singewing; frases maak nie sin nie; aanvangsmotief geïgnoreer; geen tonale sin; geen melodiese kontoer; toonhoogtes en ritme onsamehangend</td></tr>
<tr><td>TOTAAL</td><td colspan="2">Nasieners mag ½ punte gebruik</td><td>15</td></tr>
</table>

**[15]**

**VRAAG 3** **(10 minute)**

**Beantwoord VRAAG 3.1 OF VRAAG 3.2.**

3.1 Bestudeer die aangepaste uittreksel uit die *Klaviersonate in D, Op. 28* deur Beethoven hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Antwoord:**




3.1.1 Die stuk moduleer vanaf maat 10–12. Dui die nuwe toonsoort in die spasie op die partituur aan.

**Antwoord:**

| A majeur = *1 punt* |
|---|

(1)

3.1.2 Besyfer akkoorde **(a)**–**(g)** in die spasies op die partituur. Dui die toonsoort, akkoord en posisie in elke geval aan, byvoorbeeld C: iiib/$iii^6$

**Antwoord:** Sien partituur

| *1 punt per akkoord = 7 punte* |
|---|
| *(Minus ½ punt vir elke fout)* |
| *(As die $7^{de}$ afwesig is, ken net 'n ½ punt toe)* |

(7)

3.1.3 Benoem die tipe nie-akkoordnote by **(i)** en **(ii)**.

**Antwoord:**
(i) Terughouding (Vertraging)
(ii) Vooruitneming

*1 punt elk = 2 punte (Geen ½ punte)* (2)
**[10]**

**OF**

3.2 Bestudeer die uittreksel uit *Second Hand Rose* deur James F Hanley hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Antwoord:**




3.2.1 Benoem die hooftoonsoort van hierdie stuk.

**Antwoord:**

*F majeur = 1 punt* (1)

3.2.2 Identifiseer akkoorde **(a)**–**(g)** en skryf die akkoordsimbole in die spasies bokant die notebalk op die partituur, bv. D/A.

**Antwoord:** Sien partituur

| |
|---|
| *1 punt per akkoord = 7 punte*<br>*As die antwoord reg maar onvolledig is, kan 'n ½ punt toegeken word*<br>*Romeinse besyfering sal nie aanvaar word nie* |

(7)

3.2.3 Benoem die tipe nie-akkoordnote by **(i)** en **(ii)**.

**Antwoord:**
(i) (Laer) (Hulp-) Wisselnoot
(ii) Deurgangsnoot

| |
|---|
| *1 punt elk = 2 punte*<br>*(Geen ½ punte)* |

(2)
**[10]**

**VRAAG 4** **(30 minute)**

**Beantwoord VRAAG 4.1 OF VRAAG 4.2.**

4.1 Voltooi die vierstemmige vokale harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en basparty by te voeg.

**Konsepantwoord:**




Die harmonisering sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | |
|---|---|---|
| **Akkoordprogressie**<br>Akkoordkeuse, korrekte gebruik van kadens | *1 punt tussen elke paar akkoorde (behalwe tussen maat 4 en 5)* | 12 |
| **Korrektheid**<br>Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering | *Minus ½ punt per fout maar nie meer as 1 punt per akkoord nie* | 14 |
| **Kwaliteit**<br>Musikaliteit, non-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit | • *Uitstekend = 3½ –4 punte*<br>• *Goed = 2½ –3 punte*<br>• *Gemiddeld = 1½ –2 punte*<br>• *Swak = ½ –1 punt*<br>• *Onaanvaarbaar = 0* | 4 |
| | *Nota aan die nasiener:*<br>*Punt uit 30 moet nie 'n ½ punt bevat nie* | **30 ÷ 2** |
| **TOTAAL** | | **15** |

*Kandidate moet krediet kry vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisering wat nie in hierdie memorandum verskyn nie. Besyfering dien as 'n riglyn vir die nasiener maar geen punte word vir die simbole as sodanig, toegeken nie.*

**OF**

4.2 Voltooi die stuk hieronder deur geskikte harmoniese materiaal op die leë notebalke by te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die gegewe materiaal in maat 1 voorgestel word.

**Konsepantwoord:**







Die harmoniese materiaal sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | |
|---|---|---|
| **Akkoordprogressie**<br>Akkoordkeuse; korrekte gebruik van kadens | *1 punt tussen elke paar akkoorde (behalwe tussen maat 4 en 5)* | 12 |
| **Korrektheid**<br>Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering | *Minus ½ punt per fout maar nie meer as 1 punt per akkoord nie* | 14 |
| **Kwaliteit**<br>Musikaliteit, non-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit | *• Uitstekend = 3½ –4 punte<br>• Goed = 2½ –3 punte<br>• Gemiddeld = 1½ –2 punte<br>• Swak = ½ –1 punt<br>• Onaanvaarbaar = 0* | 10 |
| | *Nota aan die nasiener:<br>Punt uit 30 moet nie 'n ½ punt bevat nie* | **30 ÷ 2** |
| **TOTAAL** | | **15** |

*Kandidate moet krediet kry vir 'n ander/kreatiewe en korrekte antwoord wat nie in hierdie memorandum verskyn nie. Akkoordsimbole dien as 'n riglyn vir die nasiener maar geen punte word vir die simbole as sodanig, toegeken nie.* **[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

**AFDELING B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (90 minute)**

**Beantwoord AFDELING B**
**EN AFDELING C (Westerse Kunsmusiek)**
**OF AFDELING D (Jazz)**
**OF AFDELING E (Inheemse Afrika-musiek).**

Kandidate moet AL die vrae beantwoord in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf word.

*Nota aan die nasiener: EEN punt moet toegeken word vir elke korrekte feit. Kandidate moet krediet ontvang vir korrekte antwoorde wat nie in hierdie memorandum verskyn nie.*

**AFDELING B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5**

5.1 5.1.1 B

5.1.2 C

5.1.3 C

5.1.4 B

5.1.5 D

5.1.6 A

5.1.7 B

5.1.8 D

5.1.9 C

5.1.10 B

*1 punt vir elke korrekte antwoord = 1 punt* (10 x 1) (10)

5.2
- Tik musiek in geskrewe vorm (notasie)
- Reproduseer getikte musiek as 'n musiekpartituur
- Verkry toestemming vir kopiereg vanaf SAMRO
- Betaal tantieme aan die kopiereg- eienaar of SAMRO
- Verseker kommissies vir nuwe werke
- Versprei musiekpartiture vir verkoopsdoeleindes
- Doen promosie van gepubliseerede materiaal
- Verseker uitgewerskontrakte
- Soek opnamekunstenaars vir partiture wat hulle beheer
- Goedkeuring van materiaal om kopieregskending te voorkom

*Enige DRIE korrekte antwoorde = 3 punte* (3)

5.3 'n Lisensie wat deur SAMRO vereis word en wat toelaat dat liedere, lewendige musiek, opnames ens. by radiostasie, TV-stasies en openbare plekke uigevoer of gespeel mag word

| *1 punt* |
|---|

(1)

5.4 Vanaf die datum van die voltooiing van 'n werk tot 50 (70) jaar na die afstwerwe van die skrywer/komponis/liedjieskrywer

| *1 punt* |
|---|
| *Indien kandidaat slegs 50/70 jaar skryf = 1 punt* |

(1)

5.5
5.5.1 B

5.5.2 E/F

5.5.3 D

5.5.4 A

5.5.5 C

| *Korrekte feite = 5 punte* |
|---|

(5)

**TOTAAL AFDELING B: 20**

**Antwoord AFDELING C (WKM)**
**OF AFDELING D (JAZZ)**
**OF AFDELING E (IAM).**

## AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

### VRAAG 6

6.1
- Klarinet
- Franse Horing
- Trompet
- Kontrabas

*Enige TWEE korrekte antwoorde = 2 punte* (2)

6.2 6.2.1 Sonatevorm

6.2.2 Vrye vorm or Episodiese vorm of Geen vorm

6.2.3 Sonatevorm (Fuga)

*1 punt elk = 3 punte* (3)

6.3 6.3.1 Ouverture

6.3.2 Libretto

6.3.3 Aria

6.3.4 Koorstuk

6.3.5 Opera Buffa

*1 punt elk = 5 punte* (5)
**[10]**

### VRAAG 7

7.1

| Uiteensetting | Heruiteensetting |
|---|---|
| • Eindig met 'n kodetta<br>• Eindig in 'n relatiewe (V) toonsoort<br>• Seksie word gewoonlik herhaal (herhaaltekens)<br>• Modulerende brugpassasie<br>• 2$^{de}$ tema in die Dominant/Relatiewe toonsoort<br>• Kan met ‘n inleiding begin<br>• Ontwikkeling volg na die Uiteensetting | • Eindig met 'n koda<br>• Eindig in die Tonika toonsoort<br>• Geen herhaling van die seksie<br>• Nie-modulerende brugpassasie<br>• 2$^{de}$ tema in die Tonika toonsoort<br>• Geen inleiding<br>• Heruiteensetting word voorafgegaan deur Ontwikkeling |

*Enige DRIE verskille = 3 punte* (3)

7.2
- Minuet en Trio – Minuet: ab/aba Trio: cd/cdc Minuet: ab/aba
  OF
  Minuet: AA BA; Trio: CC DC; Minuet: AA BA
- Scherzo en Trio - Scherzo; AA BA; Trio: CC DC; Scherzo: AA BA

| | |
|---|---|
| *Vorm* | *= 1 punt* |
| *Skematiese voorstelling* | *= 1 punt* |

(2)
**[5]**

## VRAAG 8

- Gevoel van dreigende storm – gebruik van toonaard (f mineur)
- Algemene geweldadigheid van die storm – Allegro tempo aanduiding
- Volle krag van die storm – uiterste dinamiek/verandering in dinamiek
- Lae rommeling dien as waarskuwing van die aankomende storm - *pp* tremolo in die verbindingspassasie tussen die $3^{de}$ en $4^{de}$ bewegings
- Eerste groot donderslag - gebruik van timpani saam met die lae kwintoplet-figuur in die tjellos en $16^{de}$ note-figuur in die kontrabasse
- Eerste reëndruppels - *pp* staccato agstes in die aanvangsgedeelte
- Opbou van spanning en opwinding van die storm - *ff* tremolo arpeggios in die hoër strykerparty/chromatiese baslyn
- Vreesaanjaendheid van die storm – gebruik van piccolo met skerp, hoë note/verminderde akkoorde
- Klimaks van die storm – gebruik van twee trombone om die atmosfeert/timbre meer intense en donkerder te kleur
- Weerligstrale – Arpeggio-figuur wat in die strykers dartel
- Lae rommeling aan die einde – trioolfiguur in die kontrabas om die geleidelike vertrek van die storm aan te dui

*Enige VYF korrekte antwoorde = 5 punte*
*Elke programmatiese eienskap moet aan 'n musikale voorstelling verbind wees*

**[5]**

## VRAAG 9

9.1 Standaard Klassieke Orkes (1)

9.2 9.2.1 Viole (1st viole, 2de viole), altviole, tjellos, kontrabasse (1)
(noem ten minste twee = ½ punt elk*)*

9.2.2 2 fluite, 2 hobos, 2 klarinette, 2 fagotte (1)
(noem ten minste twee = ½ punt elk*)*

9.2.3 2 Franse horings, 2 trompette (1)

9.2.4 2 timpani (1)

*1 punt per seksie*
*Noem ten minste twee instrumente vir strykers, hout- en koperblaas = 1 punt vir elke seksie; 1 punt vir Timpani*

**[5]**

**VRAAG 10**

**Tamino:** *Dies Bildnis ist bezaubernd schön* (*Hierdie beeltenis is betowerend mooi*)

*Karakter gekoppel met titel van aria= 1 punt*

| KARAKTEREIENSKAPPE | UITBEELDING IN ARIA |
|---|---|
| • Adellike, eerbare en verligte (Vrymesselaars) karakter | • $E^b$ majeur ('adellike' toonsoort)<br>• *Larghetto* tempo |
| • Heroïese karakter | • Liriese tenoor |
| • Geïnspireerde vasberadenheid, dapperheid, vasbyt en deursettingsvermoë | • Stadige gevoelvolle melodielyn |
| • Tamino se opwellende emosies | • Interval van opwaartse majeur $6^{de}$<br>• Yl orkesbegeleiding word gekontrasteer met opwelling in orkesklank<br>• *Sfp* of *forte* by klimakspunte<br>• *Crescendo's* |
| • Liefdestema (persoonike verbinding)<br>• Reik uit om Pamina se hart te verower | • Klarinette in derdes<br>• Stadige gevoelvolle melodie bv. appoggiaturas, spronge, legato, sagte dinamiese vlakke, onegalige frases (begin van aria) |

*Enige 2/3 karaktereienskappe verbind met 3/2 uitbeeldings in aria = 6 punte*

**Papageno:** *Der Vogelfänger bin ich ja* (*Ja, ek is die Voëlvanger*)

*Karakter gekoppel met titel van aria= 1 punt*

| KARAKTEREIENSKAPPE | UITBEELDING IN ARIA |
|---|---|
| • Voëlvanger | • Musikale motief gespeel op panfluit om voëls te lok<br>• Motief word 6 keer gebruik om die musikale konneksie met sy professie te versterk |
| • Komiese karakter, vermaak die gehoor | • Bariton<br>• Majeur toonsoort<br>• Gebruik melodiese versiering |
| • Eenvoudige, sorgvrye, plattelandse karakter | • Sing volksagtige melodieë<br>• Eenvoudige, diatoniese harmonie<br>• Yl orkesbegeleiding<br>• Duidelike frases<br>• Strofiese vorm<br>• Homofoniese tekstuur |

*Enige 2/3 karaktereienskappe verbind met 3/2 uitbeeldings in aria = 6 punte*

Die opstel sal aan die hand van die onderstaande kriteria nagesien word:

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING | | |
|---|---|---|---|
| **Tamino:** *3 karaktereienskappe verbind met 3 uitbeeldings in aria = 6 punte* | | | 6 |
| **Papageno:** *3 karaktereienskappe verbind met 3 uitbeeldings in aria = 6 punte* | | | 6 |
| **Logiese uiteensetting en struktuur van die opstel** | ***Uitstekend***<br>*'n Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 3 punte* | 3 |
| | ***Goed***<br>*'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 2 punte* | |
| | ***Redelik***<br>*'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 1½ punte* | |
| | ***Ondergemiddeld***<br>*'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 1 punt* | |
| | ***Swak***<br>*'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel* | *= ½ punt* | |
| | ***Nie aanvaarbaar***<br>*Feite puntsgewys aangebied* | *= 0 punte* | |
| **TOTAAL** | | | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**OF**

## AFDELING D: JAZZ

### VRAAG 11

11.1
- Dansmusiek met sikliese struktuur/herhaalde harmoniese progressie
- Klavier-gebaseerde musiek beïnvloed deur ragtime wat dikwels kitaar en banjo insluit

*Enige TWEE korrekte feite = 2 punte* (2)

11.2
- Sy musiek vermeng elemente van Ghoema, Kaapse Klopse, kerkmusiekgroepe, langarm, Afrika en Westerse musiek, almal tipies van Cape Jazz
- Sy opnames verteenwoordig die langarm (Kaapse dansgroepe) klank waar die saksofoon melodie met 'n nasale klank gespeel word en vibrato aksent aan die einde van frase voorkom
- Die gebruik van 17de-eeuse eienskappe (harmoniese progressies) vermeng met jazz eienskappe (bv. blues en improvisasie), tipies van Cape Jazz
- Cape Jazz is beïnvloed deur township jazz (Marabi, Kwêla en Mbaqanga) en dit is duidelik in verskillende komposisies bv. *Mannenberg,* wat
  - 'n Marabi groove en harmoniese progressie
  - 'n stadige ghoema-trom- maatslag
  - langarm saksofoonklank
  - uitgebreide jazz improvisasie het
- Volksagtige en koraalmatige melodiese en harmoniese konstruksie bv. *The Wedding*

*Enige VIER korrekte feite = 4 punte* (4)

11.3 11.3.1 Kitaar/Stem

11.3.2 Penniefluit

11.3.3 Klavier

11.3.4 Trompet

*1 punt elk = 4 punte* (4)

**[10]**

**VRAAG 12**

- Mbaqanga ontwikkel uit die vermenging van kulture toe mense migreer het na die stad a.g.v Landwet, 1913 (Wet 27 van 1913)
- Tradisionele Zulu musiek word vermeng met township musiek (Marabi en Kwêla)
- Gebruik sikliese strukture van Marabi en ritmes ontleen aan Kwêla
- Anders as Kwêla wat sterk steun op die penniefluit, word in Mbaqanga baie verskillende instrumente uit die populêre musiekstyl gebruik
- Die Zulu Indlamu-dans ritmes word gebruik
- Begin as 'n instrumentale genre maar word meer populêr met die byvoeg van isimanjemanje en umgqashiyo (vokale Mbaqanga)

| |
|---|
| *Enige VYF korrekte feite = 5 punte* |

**[5]**

**VRAAG 13**

**Zim Nqawana**
- Vermeng ou tradisionele Xhosa (en ander Afrika) ritmes, melodieë en harmonieë met sy eie interpretasie van moderne Jazz
- Hoekige melodiese lyne, onegalige harmoniese ritmes veroorsaak 'n progressiewe benadering tot frasering en kadense
- Avant-garde benadering van musiek veral in die saksofoon improvisasies word dikwels vry en atonaal
- Is beïnvloed deur Abdullah Ibrahim se komposisiestyl en tegnieke, wat gesien kan word in hoe hy Afrika-melodieë met Westerse kerkharmonieë vermeng
- Musiek bevat elemente van bop, funk, Indiese en Western klassieke musiek, samba, tango en vokale gelyksang
- Baie sterk perkussiewe inslag en dikwels dansagtig
- Sterk klem op improvisasie
- Is beïnvloed deur volksmusiektradisie van Noorweë a.g.v. sy sameweking met Noorweegse musikante

Trefferliedjie/Album
- *eBhofolo*
- *Zimology*
- *Zimphonic Suites*
- *San Song*
- *Ingoma*
- *Vadzimu*

| | |
|---|---|
| *Styleienskappe: enige VIER korrekte feite* | *= 4 punte* |
| *Trefferliedjie/Album*<br>*(Enige korrekte Trefferliedjie/Album kan aanvaar word)* | *= 1 punt* |

**[5]**

**OF**

**Sakhile**

- Ingewortel in tradisionele Afrika-musiek
- Gebruik Westerse instrumentes, bv. elektriese kitaar
- Vermenging van jazz en tradisionele Afrika-musiek
- Klein herinnerings van township musiek (Kwêla en Mbaqanga)
- Lirieke weerspieël die politieke atmosfeer van die 1980s
- Mbaqanga kitaarstyl word gebruik (melodiese ostinato en ritmiese akkoordspel)
- Het 'n kommersiële klank (elektriese instrumente ontleen aan populêre musiek)
- Is beïnvloed deur die Malombo-styl a.g.v. byvoeg van Malombotromme en ritmes van die perkussiespeler Mabe Thobejane
- Gebruik herhalende melodieë en ritmiese motiewe
- Tradisionele dansers word tydens uitvoerings gebruik
- Is beïnvloed deur die jazz fusion van Miles Davis (gebruik van elektriese instrumente en rock ritmes)

Trefferliedjie/Album

- *Sakhile*
- *Togetherness*
- *I Need Your Touch*
- *Isililo*
- *New Life*
- *We Come Together*

| | |
|---|---|
| *Styleienskappe: enige VIER korrekte feite* | *= 4 punte* |
| *Trefferliedjie/Album*<br>*(Enige korrekte Trefferliedjie/Album kan aanvaar word)* | *= 1 punt* |

**[5]**

**OF**

**Spirits Rejoice**

- Jazz fusion groep wat 'n kombinasie van jazz en rock instrumente en musiek gebruik
- Vermeng verskillende style:
  - Jazz en tradisionele Afrika-musiek (ritmiese herhaling)
  - Vrye jazz en jazz rock (klem op tweede en vierde polsslag)
  - Populêre musiek en jazz (pop album en heropnames)
  - Amerikaanse en Afrika-jazz (12-maat blues akkoordsiklusse)
  - Latyns-Amerikaanse en Afrika-jazz (Bossa Nova maatslag)
- Bevat elemente van 'smooth jazz' uit die 1980s
- Gebruik dikwels herhalende koraalmatige harmoniese en melodiese motiewe
- Gebruik rock ritmes en jazz melodiese en harmoniese inhoud
- Jazz improvisasie gebou op die harmoniese strukture van die liedere
- Sterk blaserseksie (saksofone, trompette, fluite en trombone) word gebruik

Trefferliedjie/Album

- *Joy*
- *Shine On*
- *Joy*
- *I'm So Strong Now*
- *Emakhaya*
- *Spirits Rejoice*

| | |
|---|---|
| *Styleienskappe: enige VIER korrekte feite* | *= 4 punte* |
| *Trefferliedjie/Album*<br>*(Enige korrekte Trefferliedjie/Album kan aanvaar word)* | *= 1 punt* |

**[5]**

**VRAAG 14**

- Die Mahotella Queens/Dark City Sisters/Flying Jazz Queens is almal vroulike Suid-Afrikaanse groepe
- Hierdie groepe kom uit 'n marabi agtergrond
- Bygedra tot die ontwikkeling van Mbaqanga
- Het 'n duidelike, unieke vokale harmoniese klanksoort
- Het vokale Marabi/Mbaqanga populêr gemaak (Umqgashiyo and Isimanjemanje)
- Kitaargedrewe mbaqanga musiek
- Flink danse op die verhoog (tradisionele Zulu-danse indlamu)
- 'n tipe jive-musiek
- Vermeng tradisionele Zulu-musiek met township-musiek (Marabi en Kwêla)
- Sluit liedere met 'n flink tempo, vroulike harmonisering soms gekombineer met kragtige manlike leiersanger, in

*Enige VYF korrekte feite = 5 punte*

*Maksimum 1 punt vir die noem van vroulike groep(e)* **[5]**

## VRAAG 15

**Musikale Oorsprong**

- Kwêla is algemeen in gebruik in Sophiatown in die 1950s
- Wortels van Kwêla kan gevind word in:
  - Amerikaanse Jazz
  - Boogie-Woogie
  - Marabi
- Die penniefluit word die populêre instrument van keuse a.g.v. die volgende:
  - Dit was dieselfde as fluite wat in tradisionele musiek gevind word (soos die tradisionele fluit wat beeswagters gebruik met drie gaatjies)
  - Dit was 'n goedkoop/bekostigbare instrument wat mens maklik kon ronddra
  - Dit kon beide as solo en ensemble instrument gebruik word
- Individuele straat-uitvoering en straatmusikantspel (busking) kom algemeen voor

| *Enige DRIE feite t.o.v oorsprong = 3 punte* |
|---|

**Sosiale waarde**

- Word gesien as 'n simbool van verset teen oorheersing
- Straatmusikante kon hul penniefluite gebruik om ander te waarsku wanneer die polisie opdaag
- Die wêreldwye gewildheid van Kwêla bring 'n fokus op Suid-Afrika wat gehelp het om 'n bewussyn te kweek van die politieke omstandighede van apartheid
- Die penniefluit is 'n band met die tradisionele rietinstrumente (fluite) van die inheemse kulture

| *Enige TWEE feite t.o.v sosiale waarde = 2 punte* |
|---|

**Musiekkenmerke**

- Sikliese akkoordstrukture
- Akkoordprogressie: I – IV – $I^6/_4$ – V of I – IV – V – I
- Die ensemble bestaan gewoonlik uit 'n solospeler wat deur 'n groep begelei word
- Matige tot flink tempo
- Skiffle-agtige maatslag
- Jive/Swing ritmes
- Weef 'n sekondêre melodie om die hoofmelodie
- Melodiese materiaal word deur improvisasie ontwikkel
- Penniefluit word aanvanklik as leierinstrument gebruik
- Saksofoon vervang later die penniefluit as leierinstrument
- Word aanvanklik deur kitare en tromme begelei

| *Enige VYF musikale eienskappe = 5 punte* |
|---|

**Kunstenaar en Trefferliedjie/Album**

- Spokes Mashiane – *Banana ba Rustenburg, Phata, Phata*
- Lemmy Mabaso – *See you later*
- Elias Lerole – *Mafikeng*

| | |
|---|---|
| *Enige korrekte trefferliedjie/album* | *= 1 punt* |
| *Enige korrekte kunstenaar* | *= 1 punt* |

Die opstel sal aan die hand van die onderstaande kriteria nagesien word:

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING | |
|---|---|---|
| **Musikale oorsprog** | *1 punt vir elke korrekte feit X 3* | 3 |
| **Sosiale waarde** | *1 punt vir elke korrekte feit X 2* | 2 |
| **Musikale eienskappe** | *1 punt vir elke korrekte feit X 5* | 5 |
| **Kunstenaar en Trefferliedjie/Album** | *1 punt vir elke korrekte feit X 2* | 2 |
| **Logiese uiteensetting en struktuur van die opstel** | ***Uitstekend***<br>*'n Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig = 3 punte* | 3 |
| | ***Goed***<br>*'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig = 2 punte* | |
| | ***Redelik***<br>*'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig = 1½ punte* | |
| | ***Ondergemiddeld***<br>*'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig = 1 punt* | |
| | ***Swak***<br>*'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel = ½ punt* | |
| | ***Nie aanvaarbaar***<br>*Feite puntsgewys aangebied = 0 punte* | |
| **TOTAAL** | | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**OF**

## AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

### VRAAG 16

16.1
- Mbaqanga, ook bekend as township- jive, is dansmusiek wat tradisionele elemente en jazz in die townships gedurende die 1960s kombineer
- Vermeng Amerikaanse jazz, Mbube, Kwela en Marabi-musiek: hoofinstrumente sluit in: trekklavier, viool, penniefluit en saksofoon, ondersteun deur elektriese bas, tromme en klawerborde/kitare

*Enige TWEE korrekte feite = 2 punte* (2)

16.2
- Vermeng tradisionele musiek en kulturele temas (Afrika spiritualiteit, kommunikasie met die voorvaders)
- Wisselwerking van Afrikatromme en handperkussie met unieke kitaar (kombinasie van Marabi, Mbaqanga en jazzstyle) en fluitklanke wat herinner aan tradisionele rietinstrumente
- Afrika-ritmes wat verskaf word deur bongo en Malombo tromme
- Vermenging van musikale tradisies van baPedi en vhaVenda met jazz
- Poli-ritmiese gebruik van tradisionele tromme

*Enige VIER korrekte feite = 4 punte* (4)

16.3 16.3.1 Maskandi

16.3.2 Isicathamiya

16.3.3 Mbaqanga

16.3.4 Vrye Kiba/Malombo

*1 punt elk = 4 punte* (4)
**[10]**

### VRAAG 17

- Izibongo is 'n tipe selfverheerliking wat die musikant uitroep terwyl hy 'n instrument speel
- Die hoofrede vir die voordrag in om die uitvoerder voor te stel (om te groet)
- Die uitvoerder dra sy eie prysname voor
- Izibongo verskyn gewoonlik in die middel van 'n Maskandi lied
- Dit word gesproke aangebied in 'n flink tempo
- Poëtiese eienskappe soos herhaling, parallelisme en beeldspraak word gebruik
- Historiese gebeurtenisse en besondere prestasies kan ook ingesluit word
- Izibongo word gebruik om sosiale bewussyn oor te dra terwyl daar vermaak word

*Enige VYF korrekte feite = 5 punte* **[5]**

**VRAAG 18**

- baPedi instrumente word nou gebruik saam met Westerse instrumente (ritmiese seksie)
- Gebruik enige Afrika-taal asook die oorspronklike Sepedi
- Die musiek is nie eksklusief tot een spesifieke groep nie, maar enige opgeleide musikant kan dit uitvoer
- Kiba het kommersieel toegangklik geword as Vrye Kiba
- Word uitgevoer bo-oor 'n hedendaagse tromslag styl
- Hedendaagse tradisionele Afrika klere word gedra tydens uitvoering eerder as die tradisionele baPedi klere
- Tonaliteit is meestal majeur, in stede van pentatonies
- Tradisionele Kiba fluite word nie uitsluitlik gebruik nie

| |
|---|
| *Enige VYF korrekte feite = 5 punte* |
| *Enige relevante eienskappe oor Vrye Kiba* |

**[5]**

**VRAAG 19**

**Algemeen**

- A cappella sang
- Kan begelei word
- Mannekoor ensemble waarvan die grootte wissel van 8 tot 20 sangers
- Formele kleredrag/uitrusting is 'n belangrike eienskap
- TTBB sang
- Deurdrenk van plattelandse Zulu-kultuur
- Lirieke meestal in isiZulu
- Roep en antwoord sang tussen die leier en groep
- Improvisatoriese karakter
- Noue band tussen die uitvoerders en die luisteraars (gehoor)/Gehoordeelname word aangemoedig
- Ukucothoza dansstyl (dans op tone/loop soos 'n kat)

**Leier**

- Stel die koorlede aan die gehoor bekend
- Musikale inleiding is in vrye metrum
- Pryspoësie (izibongo) deur die leier kan op enige stadium in die uitvoering voorkom

| |
|---|
| *Enige VYF korrekte feite = 5 punte* |

**[5]**

**VRAAG 20**

**Sosiale Konteks**

- Afrika-musiek speel 'n funksionele rol in al die belangrike fases van 'n mens se lewe bv. geboorte, puberteit, inisiasie, troue en dood
- Spontane deelname aan die gemeenskap se musieklewe word aangemoedig
- Musikale uitvoerings vind gewoonlik in die buitelug plaas
- Uitvoerders en gehoor maak saam musiek
- Musiekmaak is dikwels 'n gemeenskapsaktiwiteit en nie 'n individuele onderneming nie
- Musiek is duidelik etnies onderskeibaar
- Die taal wat in sang voorkom is dikwels anders as in normale gebruik

| *Enige VYF korrekte feite = 5 punte* |
|---|

**Tipiese musikale elemente:**
**Ritmiese eienskappe**

- Ritme word afgelei uit die gesproke teks
- Gebruik van ostinato-patrone kom algemeen voor
- Melo-ritme word baie gebruik
- Saamgebinde poli-ritmes kom algemeen voor
- Die metrum kan egalig of onegalig wees na gelang van die betekenis van die musiek
- Materiaal word meestal geïmproviseer
- Daar is 'n meer klem op ritme as op melodie
- Herhaling word gebruik as ordegewende beginsel
- Improvisasie word bo-oor herhalende strukture gedoen

**Vorm en tekstuur:**

- Roep en antwoord waar die solis die roep verskaf en die groep (koor) antwoord
  - Antwoord kom na die roep met 'n ander melodie en teks
  - Antwoord kan begin voor die roep verby is (oorvleueling)
- Roep en refrein waar die solis 'n hele vers sing en dan herhaal die koor dit
- Litanie – een of twee frase word oor en oor herhaal
- Bygevoegde vorm – 'n nuwe seksie verskyn soos die lied ontvou (Episodiese vorm)
- Krepitasie, ululasie en liggaamsperkussie skep 'n addisionele laag

**Melodie en harmonie:**

- Gebaseer op die beginsels van homofoniese parallelisme (in $3^{des}$, $4^{des}$, $5^{des}$ en oktawe)
- Homofoniese polifonie (onafhanklike parte wat gelyk beweeg)
  - Kontramelodie (sekondêre melodie)
  - Ostinato-variasie (variasies baseer op 'n herhaalde tema)
- Instrumente/stem word gemanipuleer om gelyk luidende klanke te skep (bo-toonsang)
- Oorvleuelende koormatige antifonie en responsiewe sang is beginsels van Afrika polifonie (roep en antwoord)
- Die gebruik van parallelle intervalle is 'n addisionele polifoniese tegniek wat dikwels gebruik word
- Akkoorde word dikwels uit pentatoniese en heksatoniese toonlere opgebou

| *Enige SEWE korrekte feite = 7 punte* |
|---|

Die opstel sal aan die hand van die onderstaande kriteria nagesien word:

| **KRITERIA** | **PUNTETOEKENNING** | | |
|---|---|---|---|
| **Sosiale Konteks** | *1 punt vir elke korrekte feit x 5* | | 5 |
| **Tipiese musikale elemente** | *1 punt vir elke korrekte feit x 7* | | 7 |
| **Logiese uiteensetting en struktuur van die opstel** | ***Uitstekend***<br>*'n Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 3 punte* | 3 |
| | ***Goed***<br>*'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 2 punte* | |
| | ***Redelik***<br>*'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 1½ punte* | |
| | ***Ondergemiddeld***<br>*'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 1 punt* | |
| | ***Swak***<br>*'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel* | *= ½ punt* | |
| | ***Nie aanvaarbaar***<br>*Feite puntsgewys aangebied* | *= 0 punte* | |
| **TOTAAL** | | | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING E: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou